NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2024

GESKIEDENIS: VRAESTEL II

Tyd: 3 uur 200 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n Bronmateriaalboekie van 6 bladsye (i–vi). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is. Verwyder die Bronmateriaalboekie uit die middel van die vraestel.

2. Lees die vrae noukeurig deur.

3. Hierdie vraestel bestaan uit:

   Afdeling A, wat die volgende insluit:
   - visuele bronontleding
   - tekstuele bronontleding
   - huidige kwessies in die media

   EN

   Afdeling B, wat die volgende insluit:
   - brongebaseerde vrae, wat die Bronmateriaalboekie gebruik
   - kennisgebaseerde vrae

   EN

   Afdeling C, wat die volgende insluit:
   - brongebaseerde opstel, wat die Bronmateriaalboekie gebruik

4. Alle vrae moet beantwoord word.

5. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

6. Laat 'n reël tussen jou antwoorde oop.

7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf. Werk op 'n geordende wyse en bied jou antwoorde so netjies as moontlik aan.

8. Kandidate moet aandag aan die puntetoekenning skenk. Tensy anders aangedui, word twee punte vir 'n geldige feit toegeken. Dit beteken dat 'n vraag wat vier punte tel, twee feite vereis.


9. Gebruik die bronne wat verskaf word om jou antwoord te formuleer, tensy daar spesifiek opdrag gegee word om jou eie kennis te gebruik.

IEB Copyright © 2024

AFDELING A INDIVIDUELE BRONONTLEDING

VRAAG 1 VISUELE BRONONTLEDING

Die foto hieronder is van aartsbiskop Desmond Tutu, in 1997 geneem deur die *Sunday Times* koerantfotograaf Raymond Preston tydens 'n verhoor van die Waarheid-en-versoeningskommissie. Die foto is ook in 2016 in 'n koerantberig in *Sunday Times* gebruik, met 'n terugblik op die Waarheid-en-versoeningskommissie.



[Beskikbaar AANLYN: <https://www.timeslive.co.za/sunday-times/opinion-and-analysis/2016-04-10-20-years-after-the-trc-hearings-south-africas-pain-persists/> (Verkry op 16 Maart 2023)]

1.1 Gebruik jou geskiedeniskennis om die doel van die Waarheid-en-versoeningskommissie te beskryf. Gee TWEE punte. (4)

1.2 Noem die posisie wat aartsbiskop Tutu in die WVK beklee het. (2)

1.3 1.3.1 Hoe sal jy aartsbiskop Tutu se reaksie op wat hy hoor, beskryf? Verwys na TWEE visuele leidrade in die foto wat jou antwoord ondersteun. (6)

1.3.2 Gebruik jou geskiedeniskennis om EEN voorbeeld te gee van enige saak wat deur die WVK aangehoor is. (2)

1.4 1.4.1 Gee 'n toepaslike opskrif vir die foto as dit in 'n Nasionale Party-koerant sou verskyn. (2)

1.4.2 Gee 'n toepaslike opskrif vir die foto as dit in 'n ANC-koerant sou verskyn. (2)

1.5 Noem EEN beperking van HIERDIE foto. (2)

[20]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 2 TEKSTUELE BRONONTLEDING

Die volgende uittreksel beskryf Mobutu Sese Seko se magsoorname en die uitskakeling van Patrice Lumumba.

… Kolonel Mobutu was in sy deftige militêre kantoor … toe hy 'n telefoonoproep ontvang het. Dit was Kasavubu. "Kolonel," het hy gestamel, "ek beveel jou om premier Lumumba te gaan arresteer." Volgende aan die beurt was Lumumba, woedend en paniekerig. "Kolonel," het hy gesê, "ek beveel jou om die oud-president van die Republiek, Kasavubu, in aanhouding te plaas." Dit het nie vir Mobutu lank geneem om 'n besluit te neem nie. Hy sou albei gehoorsaam … **(Paragraaf 1)**

Die weermag sou tot die einde van die jaar beheer van die Kongo neem … intussen was daar die ongemaklike vraag wat om met Lumumba te doen … Mobutu wou hom permanent uit die prentjie hê, en daar was alreeds verskeie planne gemaak. Die Belge was aktief besig om Lumumba se sluipmoord te beplan, maar die Amerikaners was in die mees gevorderde stadiums van voorbereiding, gereed vir aksie wanneer Larry Devlin* ook al wou. Die CIA het alreeds vir hom 'n flessie* gif gestuur om in Lumumba se kos of tandepasta te glip. Devlin het net vir die regte oomblik gewag. President Eisenhower is ingelig en die plan is afgeteken. In Katanga wou Moise Tshombe … hom ook dood hê, en het hom beskuldig van die blokkering van die afskeidingsrepubliek en die gevolglike stamgevegte wat soveel dood veroorsaak het … **(Paragraaf 2)**

[Aangepas van Paul Kenyon *The Dictatorland. The men who stole Africa.* Head of Zeus uitgewers. 2018. Bladsy 25–26]

*Larry Devlin – CIA (Amerikaanse Intelligensiediens) stasiehoof in die Kongo
*flessie – 'n klein, silindriese botteltjie

2.1 Watter posisie het Kasavubu van 1960 tot 1965 in die Kongo beklee? (2)

2.2 Gebruik die bron om te verduidelik hoe die verhouding tussen Kasavubu en Lumumba was. Verskaf EEN bewys uit paragraaf 1 om jou antwoord te staaf. (4)

2.3 2.3.1 Waarom wou kolonel Mobutu Lumumba "uit die prentjie" hê? Gebruik jou geskiedeniskennis om die vraag te beantwoord. (2)

2.3.2 Gebruik die bron en verduidelik hoekom Moise Tshombe ook vir Lumumba "uit die prentjie" wou hê. (2)

2.4 Hoe akkuraat is dit om te beweer dat buitelandse magte 'n sleutelrol gespeel het om Lumumba as 'n politieke bedreiging uit te skakel? Verskaf DRIE bewyse uit die bron om jou gevolgtrekking te staaf. (8)

2.5 Gee EEN woord uit paragraaf 2 wat verwys na 'n poging deur mense in 'n spesifieke gebied om weg te breek van die land waartoe hulle behoort. (2)

[20]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 3 HUIDIGE KWESSIE IN DIE MEDIA

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n artikel wat in Desember 2022 aanlyn geskryf is deur Nomazima Nkosi, senior verslaggewer van die *Sowetan*, oor die vrylating van Janusz Walus uit die tronk.

… Chris Hani se moordenaar Janusz Walus het amptelik parool ontvang … Verlede maand het die Konstitusionele Hof die departemente van justisie en korrektiewe dienste beveel om Walus op parool vry te laat nadat hy 28 jaar uitgedien het vir die sluipmoord op die voormalige hoofsekretaris van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party in 1993. Die verklaring het gelui: "Daar is geen twyfel dat die oortreder Walus 'n polariserende* figuur in ons ontluikende grondwetlike demokrasie is nie, en dat sy vrylating vanselfsprekend weer wonde vir sommige in die samelewing laat oopgaan het, veral die familie van die ontslape struggle-ikoon Chris Hani." **(Paragraaf 1)**

"Oortreder Walus se optrede het gepoog om die demokratiese projek op die mees kritieke, vormende* tydstip te ontspoor, toe die keuse om óf die land op 'n volhoubare pad van vrede, demokrasie en versoening te plaas aan die een kant, óf chaos, burgerlike twis en bloedverlies aan die ander, voortdurend net een onoordeelkundige besluit weg was. Sy moord op Hani was ongetwyfeld onder daardie optredes wat gepoog het om die land tot laasgenoemde lot te verdoem, as dit nie was vir die geïnspireerde leierskap van ons land se stigters en die vasberadenheid van die mense van Suid-Afrika nie."… **(Paragraaf 2)**

"Dit [SA se paroolstelsel] het geblyk 'n belangrike deel van reformatiewe behandeling te wees vir die persoon wat op parool aanspraak kan maak … Dit is in ooreenstemming met die wet dat almal die reg het om nie arbitrêr of sonder regverdiging van hul vryheid ontneem te word nie, en dat veroordeelde oortreders die reg het om uit die minste streng van die voorgeskrewe strawwe bevoordeel te word," het Phiri* gesê. **(Paragraaf 3)**

[Aangepas en beskikbaar AANLYN: <https://www.sowetanlive.co.za/news/south-africa/2022-12-07-janusz-walus-released-from-prison-on-parole/> (verkry 30 Maart 2023)]

*polariserende – wat sterk onenigheid tussen opponerende groepe veroorsaak
*vormende – terwyl dit gevorm en ontwikkel is
*Phiri – Chrispin Phiri, woordvoerder van minister van Justisie, Ronald Lamola

3.1 Die skrywer verwys na "wonde ... laat oopgaan het" deur die vrylating van Walus. Hoe het Chris Hani se familie op die nuus van sy vrylating gereageer? Verduidelik die rede vir hierdie reaksie. (4)

3.2 Waarom het Walus Chris Hani vermoor, volgens paragraaf 2? Verskaf TWEE punte. (4)

3.3 Gebruik jou geskiedeniskennis en verduidelik wat die skrywer bedoel as hy sê dat Chris Hani se sluipmoord op 'n "mees kritieke formatiewe tydstip" in Suid-Afrika se geskiedenis gekom het. (4)

3.4 Hoe regverdig die Minister van Justisie Walus se vrylating? (Paragraaf 3) Gee TWEE punte. (4)

3.5 Die skrywer verwys na hoe "... die geïnspireerde leierskap van ons land se stigters en die vasberadenheid van die mense van Suid-Afrika ..." (Paragraaf 2) Suid-Afrika gered het om ná die sluipmoord in chaos te verval.

Gebruik jou geskiedeniskennis en verduidelik hoe Nelson Mandela se optrede kort ná die sluipmoord by die beskrywing hierbo pas. (4)

[20]

60 punte

IEB Copyright © 2024

AFDELING B BRONGEBASEERDE VRAE

Bestudeer die bronne wat in die Bronmateriaalboekie vervat is en beantwoord dan die vrae wat volg:

Bestudeer Bron A

4. Gebruik die bron en verduidelik watter impak die beelde wat tydens die Tet-offensief uit Viëtnam gekom het op die Amerikaanse publiek se persepsie van die oorlog gehad het. Skryf DRIE punte. (6)

5. Hoe belangrik was die Amerikaanse publiek se groeiende anti-oorlog sentiment in die besluit om die Viëtnam-oorlog na die Tet-offensief te de-eskaleer? Verskaf TWEE bewyse uit die bron om jou antwoord te staaf. (6)

6. Soek 'n woord in paragraaf 1 wat verwys na mense wat 'n stelsel van sosiale organisasie ondersteun waarin alle eiendom deur die gemeenskap besit word en elke persoon bydra en ontvang volgens hul vermoëns en behoeftes. (2)

Bestudeer Bron B

7. Is dit 'n primêre of 'n sekondêre bron? (2)

8. Noem TWEE beperkings van spotprente as historiese bewyse. (4)

9. 9.1 Hoe toon die spotprenttekenaar dat die soldate die betogers hardhandig hanteer het? Verwys in jou antwoord na TWEE leidrade in die spotprent. (4)

   9.2 Hoe reageer "Uncle Sam" op die nuus van die skietvoorvalle? Ondersteun jou antwoord met EEN visuele leidraad uit die spotprent. (4)

   9.3 Gebruik jou geskiedeniskennis en gee EEN rede waarom die Kent State-skietery 'n keerpunt in die openbare persepsie van die Viëtnam-oorlog was. (2)

   9.4 Gebruik jou geskiedeniskennis en gee TWEE redes waarom so baie Amerikaners teen 1970 teen die Viëtnam-oorlog gekant was. (4)

IEB Copyright © 2024

Bestudeer Bron C

10. **Gebruik Bron C om te sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs WAAR of ONWAAR neer. (Geen verduideliking is nodig nie)**

10.1 President Nixon het 'n rol gespeel in die poging om die Viëtnam-oorlog te beëindig. (2)

10.2 Nixon se raadgewers het 'n kombinasie van geweld en diplomasie gebruik om die oorlog te probeer beëindig. (2)

10.3 Die Kongres van die Verenigde State was ook verantwoordelik vir die fasilitering van die beëindiging van die oorlog in Viëtnam deur befondsing aan Suid-Viëtnam te staak. (2)

10.4 Noord-Viëtnamese amptenare het geen rol gespeel in die poging om die Viëtnam-oorlog te beëindig nie. (2)

10.5 Die woord "regime" in die bron verwys na die regering. (2)

Bestudeer Bron D

11. In watter mate toon die foto dat die anti-oorlogprotes doeltreffend was? Verduidelik. (6)

12. Kan historici betroubaar uit hierdie foto aflei dat anti-oorlogprotes doeltreffend kon gewees het om die regering te oorreed om stappe te neem om die Viëtnam-oorlog te beëindig? Verduidelik. (4)

13. Noem TWEE waardes van foto's as historiese bronne. (4)

Bestudeer Bron E

14. 14.1 Verskaf TWEE punte wat verduidelik waarom hierdie bron betroubaar is vir historici wat die impak van anti-oorlogprotes navors. (4)

14.2 Verskaf TWEE aanhalings wat toon dat die protes deur anti-oorlog-aktiviste by Kent State Universiteit 'n impak op president Nixon se optrede gehad het. (4)

14.3 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat probeer vasstel watter impak anti-oorlogprotes in die VSA gehad het op die soldate wat in die Viëtnam-oorlog geveg het. Gee EEN verduideliking. (2)

14.4 (a) Was die Amerikaanse weermag in Viëtnam deur die betogings in die VSA geraak, volgens die bron? [Eenwoordantwoord] (2)

(b) Verskaf TWEE bewyse uit die teks wat jou antwoord in Vraag 14.4 (a) ondersteun. (4)

IEB Copyright © 2024

Bestudeer Bron F

15. Gebruik die bron om te beskryf hoe die media en wetgewers in die VSA 'n rol gespeel het om Amerika se betrokkenheid in Viëtnam te probeer beëindig. Gee TWEE punte. (4)

16. 16.1 Hoe suksesvol was lede van die Johnson-administrasie om die president te oorreed om die Viëtnam-oorlog te beëindig, volgens hierdie bron? Verduidelik deur gebruik te maak van bewyse uit die bron. (4)

    16.2 Watter een van president Johnson se raadgewers het waarskynlik die belangrikste rol gespeel om hom te oorreed om aan die Viëtnam-oorlog te onttrek, volgens die bron? (2)

Bestudeer Bron G

17. Gebruik die bron om te verduidelik hoe hierdie skrywer die impak van die anti-oorlogprotes in die VSA beskou. Gee TWEE punte. (4)

Bestudeer Bron H

18. Verskaf EEN aanhaling wat toon dat die publiek se mening oor die Viëtnam-oorlog, verander deur die media, die regering suksesvol onder druk geplaas het om in Viëtnam van koers te verander. (2)

90 punte

IEB Copyright © 2024

AFDELING C BRONGEBASEERDE OPSTEL

VRAAG 19

Gebruik bronne A tot H in die Bronmateriaalboekie om 'n brongebaseerde opstel oor die volgende onderwerp te skryf:

In watter mate was anti-oorlogbetogers in die VSA verantwoordelik vir die beëindiging van die Viëtnam-oorlog?

Maak seker dat jy die bronne wat verskaf word, gebruik om jou argument saam te stel en onthou om die bronne per letter te erken.

50 punte

Totaal: 200 punte

IEB Copyright © 2024